

Produuk bied gemoedsrus aan ouers

Ouers kan nie hul kinders teen alles beskerm nie. Hulle kan egter **voorsorg tref teen die finansiële druk van siektes of beserings** – danksy die nuwe Sanlam Kind: Siekte en Beseringsvoordeel.

Stel jou 'n risiko-produk voor wat 'n reeks eisgebeurtenisse dek en spesifiek vir kinders ontwerp is – hetsy dit gevreesde siekte, beserings, inkortings of infeksies is. Dis nie meer wensdenkery nie, want Sanlam Persoonlike Finansiële (SPF) se produkkategorie en mediese span het presies so 'n voordeel geskep, doeligmaak vir kinders.

Dié voordeel voorsien in die werklike behoefte om kliente se kinders teen eisgebeurtenisse buiten sterfte te dek.

'Kindervoordele is nie 'n nuwigheid in die mark nie,' sê Karen Bongers, Produkkategorie by SPF, wat die produk in samewerking met drs. Jack van Zyl and Pieter Coetzer help ontwerp het.

'Maar die bestaande risiko-produkte wat ander verskerkers bied, dek hoofsaaklik gevreesde siekte-gebeurtenisse en dikwels bloot dié wat deur voordele vir volwassenes gedek word.' Sanlam het dié gaping raakgesien. Die Kind: Siekte en Beseringsvoordeel dek dus 'n wyer reeks gebeurtenisse – gebeurtenisse waarvoor ouers gewoonlik bekommerd is wat

betreft die finansiële druk kan veroorsaak indien dit sou plaasvind. 'Ons is baie opgewonde oor dié nuwe voordeel, want óns glo dit sal in 'n werklike behoefte in die lewens van gesinne met kinders voorsien,' sê Karen. 'In die lig van die produk se waarde en bekostigbaarheid behoort elke ouer te oorweeg om dit te koop.'

'n Nuwe standaard
Die Kind: Siekte en Beseringsvoordeel stel 'n nuwe standaard in die mark, sê sy. Dié voordeel dek 'n wyer reeks eisgebeurtenisse, van gevreesde siektes tot beserings, inkortings en infeksies. Baie van die eisgebeurtenisse is 'n eerste in die mark en baie dinkwerk is gedoen om eisgebeurtenisse te kies wat tipies met kinders geassosieer word.

Ons twee veiligheidsnet-eisgebeurtenisse is ook 'n eerste in die mark vir alleenstaande kindervoordele. 'n Eisgebeurtenis vir toelatings tot 'n hoësoorgheid (ICU) sal dekking bied wanneer 'n kind minstens 48 uur ná gebeurtenisse soos onvoorsiene vergiftiging of 'n slangbyt in 'n eenheid deurblyf. 'n Allesomvattende eisgebeurtenis (catch-all) sal dekking bied vir enige ander beserings of siektes wat tipies met kinders geassosieer word, maar minstens 48 uur na gebeurtenisse soos onvoorsiene vergiftiging of betaling te regverdig.

Eisgebeurtenisse

Sanlam se Kind: Siekte en Beseringsvoordeel bied omvattende dekking vir 81 eisgebeurtenisse in breedweg vier kategorieë:

- 1. Gevreesde siekte**
Eerstee gevreesde siektes soos kanker, hartchirurgie en orgaanversaking
- Minder ernstige siektes soos**
Crohn se siekte* en ulseratiewe kolitis (verswerende dikdarmontsteking)*
- Siektes wat tipies met kinders geassosieer word, soos epilepsie en anoreksie***

Ons twee veiligheidsnet-gebeurtenisse voorsien bykomende dekking oor al vier kategorieë:

- **'n ICU-eisgebeurtenis'** (indien omvattende dekking vir 81 eisgebeurtenisse in breedweg vier kategorieë: slangbyt, minstens 48 uur in 'n eenheid deurblyf)
 - **'n allesomvattende (catch-all) eisgebeurtenis'** (enige besering of siekte wat nie op Sanlam se lys is nie, maar ernstig genoeg is om betaling te regverdig)
- * *Dié is net 'n paar van die eisgebeurtenisse wat eksklusief deel van Sanlam se Kinderskoproduk uitmaak. Raadpleeg jou adviseur of makelaar vir 'n volledige lys van die 81 eisgebeurtenisse wat die Kind: Siekte en Beseringsvoordeel dek.*

In skooljare gedek

Die voordeel is beskikbaar vanaf 19-jarige ouderdom – die kind kan dus vir die duur van sy of haar skooljare gedek word.

Nog 'n plus is dat onderskrywing net uit vroeë en bestaande verslae bestaan – geen nuwe of indringende toetse sal vir 'n kind se lewens vereis word nie. 'Ons sal ouers dalk vra om hul kinders se historiese mediese verslae aan ons te verskaf en vorms moet ingevul word, maar ons sal hoogstens 'n basiese fisiese ondersoek aanvaar,' sê Karen.

Kinders kan vir tot R1 miljoen gedek word. R500 000 se dekking sal rofweg siegs R35 per maand kos. Indien hulle dié produk het, sal ouers nie 'n leeftyd se uitgawes hê. Indien iets sou gebeur nie en dit sal hulle ook nie 'n fortuin per maand kos nie.



Wenke vir tussengangers

Sanlam se nuwe Kind: Siekte en Beseringsvoordeel bied aan adviseurs en makelaars die geleentheid om weer hul kliënte te besoek en hul bestaande dekking te herleien.

Dié produk kan maklik met ander voordele op dieselfde plan gekombineer word. Nes Sanlam se nuwe begrafsvoordeel maak dit voorsiening vir kliënte se verpligtinge teenoor lede van hul uitgebreide familie – in dié geval hul kinders.

Pynlike syfers

Kanker

Meer as 200 000 nuwe gevalle van kinderkanker word jaarliks wêreldwyd aangemeld waaraan meer as 70% in ontwikkelende lande is. Leukemie is die algemeenste vorm van kanker wat by kinders gedagnoseer word.

Beserings

Breihbeserings bly 'n hooforsaak van sterfte en verlies van lewensgehalte by kinders. Mediese vooruitgang het 'n beduidende sekere langtermyngevolge kan egter 'n groot ekonomiese en maatskaplike las wees.

Brandwonde

Brandwonde by kinders is dikwels ernstiger as by volwassenes. Rehabilitasie is 'n deurlopende proses en behels 'n span sjelkundiges, fisio- en

arbeidsterapeute, asook rekonstruktiewe chirurgie.

Hondbyte

'n Studie van hondbyte deur prof. A.B. Sebastian van As, Hooft: Trauma-eenheid by die Rooikruis-kinders-hospitaal in Kaapstad, toon die jaarlikse voorkoms van hondbyte-beserings by kinders is sowat 22 per 1 000 pediatriese pasiënte. Dit sluit net dié in wat vir hospitaalbehandeling aangemeld is.

Altesaam 13% van pasiënte wat deur honde gebly is, is in die trauma-saal of direk in die hoësoorgheid opgeneem.

Byna-verdrinking

Vir elke kind wat verdrink, het nog vyf permanente breinskade weens die lang gebrek aan suurstof gedurende byna-verdrinking. Siegs vier minute sonder suurstof kan onherstelbare breinskade veroorsaak.

'In die lig van die produk se waarde en bekostigbaarheid behoort elke ouer te oorweeg om dit te koop.'

Karen Bongers



Fotos: gettyimages.com en verskaf